

Waenhuiskrans Arniston Ratepayers Association Waenhuiskrans Arniston Belastingbetalersvereniging

P O BOX/POSBUS 7090
ROGGEBAAI, 8012
TEL.: (021) 425 3218
FAX.: (021) 425 3228
E-MAIL/E-POS cbird@plantrust.co.za

03 Desember 2008

Nuusbrief #4

Geagte lid

Voorsitter se verslag: Die jaar 2008


Die jaar 2008 was 'n besige jaar vir die Vereniging. U komitee het 'n aantal sake gehanteer, waarvan sommige vir u getref in 'n afsonderlike aanhangsel gelys word. Ek sal tydens die Algemene Jaarvergadering op 30 Desember in die Munus-saal meer volledig daarvoor verslag doen. Die jaarvergadering begin om 09h30. Lede kan vanaf 9:00 hulle lidmaatskapstatus bevestig en hul ledegeld betaal.

Vanjaar was ook die jaar waartydens die Vereniging tot regstappe oorgegaan het met betrekking tot die onwettige bouwerk wat op erf 599, oorkant die kampterrein, begin is. Ons het regstappe geneem nadat ons nie by die Kaap Agulhas Munisipaliteit antwoorde kon kry op vrae oor dié ontwikkeling nie. Die hofsak het gelei tot optrede deur die ontwikkelaar om die Belastingbetalersvereniging oor te neem, sodat 'n komitee wat hom goedgesind is verkies word en die saak teen hom gestop word. Dié metode om die verloop van die reg te verhoed druis in teen die Vereniging se kembeginsels. Ek voorsien dat debat rondom hierdie saak die verrigtinge tydens die jaarvergadering sal oorheers. Ek sluit dus 'n dokument in wat poog om soveel as moontlik vrae te beantwoord, om sodoende dié lede vóór die vergadering in te lig, sodat die debat meer sinvol kan wees.

Vanjaar se jaarvergadering sal klaarblyklik een van die belangrikstes in die Vereniging se geskiedenis wees. U word dus aangemoedig om dit by te woon en om u stem te laat hoor. Indien u nie teenwoordig kan wees nie, mag u 'n gevolmagtigde aanwys wat namens u mag stem, mits die gekose persoon nie reeds 'n lid is of 'n ander voimag het nie.

Die uwe

WAENHUISKRANS ARNISTON BELASTINGBETALERSVERENIGING



COLIN BIRD
VOORSITTER

BYLAE 1

Desember 2008

Dié bylae tot nuusbrieff #4, Desember 2008, is 'n lys van sake waarby die komitee in 2008 betrokke was. Ek sal op die jaarvergadering op 30 Desember na behoefte daaraan aandag gee.

Rekeninge

'n Volledige verslag sal voorgelê word by die jaarvergadering.

Lidmaatskap

Op 31 Oktober 2008, teen die einde van die Vereniging se finansiële jaar, het ons 217 lede gehad.

Verhouding met die Munisipaliteit

U mag reeds bewus wees dat die vorige munisipale bestuurder, Kelth Jordaan deur Reynold Stevens vervang is. Verteenwoordigers van die komitee het in Augustus met mnr Stevens en sy senior amptenare vergader. Ons was bemoedig deur die positiewe houding tydens dié gesprek. Ons het vertrou dat die Vereniging dié verhouding verder sal kan ontwikkel, tot voordeel van die gemeenskap.

Wykskomitee

Die WAB is steeds nie op die plaaslike Wykskomitee verteenwoordig nie. Ons is moontlik een van die grootste formele belastingbetalingsgroepe in die distrik. Ons glo dit strook nie met goeie en regverdige praktyk om nie aan ons erkenning te gee nie.

Veiligheid

Die sub-komitee wat gestig is om sake met betrekking tot sekuriteit te hanteer, was grootliks onaktief. Dit is onder meer weens die feit dat gevalle van misdaad grootliks verminder het. Terwyl daar 'n paar gevalle van diefstal was, was dit meestal op klein skaal, behalwe vir fotografiese toerusting wat vanuit die kamer van 'n gas in die hotel gesteel is. Dié oortreders is spoedig gevang en die meeste van die toerusting is terugbesorg. Brent Hill koördineer die verwerking van inligting aangaande diefstal. Dié werk word vrywillig gedoen en vir dié diens verdien hy ons opregte dank en waardering.

Polisiekantoor

Die Munisipaliteit het grond vir die bou van 'n polisiekantoor beskikbaar gestel. Ons het ondemeem om 'n veldtog geloods om fondse vir die gebou in te samel. Dit was noodsaaklik om eers die SAPD se betrokkenheid te bevestig, sowel as hulle ondermemeing dat 'n polisiekantoor vanuit die gebou sal bestuur en maandeliks huur sal betaal. Ons kon egter nie deur ons pogings, soos bestuur deur Dawie Maritz, so 'n verstandhouding bevestig nie.

Die Trust

Die Waenhuiskrans/Arniston Gemeenskapontwikkelingstrust, gestig in samewerking tussen ons en die Waenhuiskrans/Arniston Bewaringsvereniging, bied onder leiding van Hannes van Zyl ondersteuning aan mense in die gemeenskap. 'n Verslag oor die aktiwiteite van die Trust sal vir bespreking by die jaarvergadering beskikbaar wees.

Natuurreservaat

CapeNature het met die ondersteuning van die Nasionale Minister van Omgewingsake 'n formele aansoek ingedien om die beplande pad wat toegang bied tot die reservaat te deproklameer (nie te sluit nie). Ons hoop dat die Munisipaliteit sal hulle vorige teenstand aan die plan gaan heroorweeg. Die nuwe komitee sal die saak moet opvolg.

Gehalte van water

Die pyplyn vanuit Bredasdorp is in werking. Alle verslae dui daarop dat die pyplyn genoegsame vars water aan Waenhulskrans sal voorsien. Van ons lede was bekommerd omdat die Munisipaliteit sy toegang tot die water uit die Theewaterskloofskema wil staak. Die gevoel is dat as dit eers gestaak is, dit feitlik onmoontlik is om weer toegang tot so 'n bron te verkry. Dit is 'n saak vir die agenda van die nuwe komitee.

Strate in Kassiesbaai

Ons is vir 'n geruime tyd angstig oor die saak en is nou bly om te hoor dat die Weskaapse owerhede geld beskikbaar maak om die projek te voltooi.

Nuwe ontwikkeling

Die Munisipaliteit het begin met die proses wat nodig is vir die ontwikkeling van meer as 'n honderd nuwe huise by die tweede kampeertrein. Lede word aangemoedig om as belanghebbendes te registreer om sodoende ingelig te bly.

Riolering

Die eerste fase van die rioolskema is voltooi en klaarblyklik in werking. Ons het klagtes ontvang van lede oor stank rondom die Hotel en oor die feit dat party inwoners wat deur die skema bedien word, steeds septiese tenks moet aanskaaf. Aangesien die skema as 'n skema sonder soliede materie ontwerp is ("solids free"), moet tenks steeds periodiek skoongemaak word. Dié kwessie is aan die owerhede genoem en ons wag op verdere inligting.

ooOoo

BYLAE 2

WAENHUISKRANS/ARNISTON BELASTINGBETALERSVERENIGING (WAB) SE SAAK IN DIE KAAPSE HOOGGEREGSHOF TEEN VERREWEIDE (EDMS) BPK EN DIE KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT (KAM)

WAB het regstappe teen Verreweide en KAM gedoen in verband met erf 599, die erf regoor die kampterrein by die ingang van Waenhuiskrans. Kragtens 'n interim bevel op 22 April 2008 deur die hof moet alle bouwerk op die eiendom gestaak word hangende die uitslag van 'n aansoek dat die Munisipaliteit se besluit om die eiendom aan Verreweide oor te dra asook die Munisipaliteit se goedkeuring van die bouplanne vir die gebou, hersien word. Die hersieningsaansoek sal in Mei 2009 aangehoor word. Bouwerk is opgeskort totdat die saak afgehandel is.

Algemene vrae aangaande die hofsaak is aan die lede van die komitee gerig. Kort antwoorde op daardie vrae word hier uiteengesit.

1. Hoe het die saak in die hof beland?

WAB het vir 'n geruime tyd inligting van KAM aangevra in verband met die verkoop en oordrag van die eiendom aan Verreweide. KAM het geweier om die inligting of dokumentasie aan die WAB beskikbaar te stel, totdat daar met 'n hofbevel gedreig is om die dokumentasie en inligting te voorsien. Dié dokumentasie en inligting is laat in November 2007 ontvang. Daaruit het geblyk dat KAM klaarblyklik onreëlmatig en verkeerd opgetree het toe hulle die eiendom aan Verreweide verkoop en oorgedra het. Met die WAB se jaarvergadering in Desember 2007 het die komitee magtiging gekry om voort te gaan met regstappe om die onreëlmatige optrede tersyde te stel en om te verhoed dat die ontwikkelaar van die eiendom (Verreweide) sonder goedgekeurde planne en strydig met die soneringsvoorwaardes met die bouwerk voortgaan.

2. Wat is 'n hersieningsaansoek?

'n Hersieningsaansoek word ingedien wanneer partye glo dat 'n liggaam soos KAM onreëlmatig of verkeerd opgetree het. In dié verband is die WAB meegedeel dat die verkoop en oordrag van die eiendom aan Verreweide onregmatig was en ook dat die goedkeuring van die bouplanne vir erf 599 onregmatig was.

3. Wanneer is die regstappe gedoen?

Verreweide (beheer deur Robert Haarburger) het sonder goedgekeurde bouplanne met die uitgraving en ontwikkeling van erf 599 begin. KAM het Verreweide beveel om die bouwerk te staak; hierdie bevel is geïgnoreer. KAM het geweier om regstappe te neem vir 'n interdik om Verreweide te keer. Die WAB was dus genoodsaak om regstappe te neem om die bouwerk sonder goedgekeurde bouplanne stop te sit en ook om te verhoed dat die ontwikkelaar teenstrydig met die soneringsvoorwaardes bou. In Februarie 2008 is 'n aansoek ingedien vir 'n dringende interdik om te keer dat Verreweide verder bou. Kort daarna het Robert Haarburger op advies van sy advokaat ingestem om die bouwerk te staak. Maar die bouwerk is 'n week later weer hervat nádat die destydse munisipale bestuurder, mnr. Keith Jordaan, in daardie week Verreweide se bouplanne op appèl goedgekeur het.

Verreweide het aangehou bou totdat die saak in die hof aangehoor en uitspraak op 22 April 2007 teen Verreweide gelewer is. Verreweide is toe beveel om bouwerk te staak totdat die verkoop en oordrag van die eiendom aan Verreweide, asook die goedkeuring van Verreweide se bouplanne op appèl deur Keith Jordaan, deur die hof hersien is.

4. Wat is die geskiedenis van erf 599? Hoe het dit die middelpunt van 'n hofszaak geword?

Erf 599 het tot stand gekom toe 'n stuk van erf 214 afgesny en vir sake gesoneer is. Dit is gedoen om die Arniston Centre, met Bob's Shop en die Waenhuis Restaurant, soontoe te verskuif. Stadsbepanners en konsultante het aanbeveel dat erf 599 'n beter sakeperseel vir die behoeftes van die dorp sou wees as die erf waarop die Arniston Centre in daardie stadium geleë was. Mnr. Bob Harman en KAM kon egter nie op 'n prys vir erf 599 ooreenkom nie. Gevolglik is die Arniston Centre nie na erf 599 verskuif nie.

In 2003 was daar drie voorstelle vir ontwikkeling op erf 599 in reaksie op 'n advertensie deur KAM in 'n plaaslike koerant. Een van dié voorstelle is deur twee inwoners van Kassiesbaai ingedien. Nog een was 'n voorstel deur 'n konsortium wat vir die mense in die vissersgemeenskap 'n belang wou gee in die ontwikkeling en tegelyk ook eienaarskap van ondernemings in die ontwikkeling. Die tender is deur KAM toegeken aan 'n derde voorstel, deur die Arniston Bay Consortium van mnr. Christo Swanepoel en mev. Ethel Botha. Mnr. Swanepoel en mev. Botha het later met KAM ooreengekom dat die grond aan Verreweide (Edms) Bpk verkoop sal word, eerder as aan die Arniston Bay Consortium.

Verreweide kon uiteindelik nie aan die voorwaardes vir die verkoop van erf 599 voldoen nie. Een van dié voorwaardes was dat die ontwikkeling eers voltooi moes word vóórdat die grond oorgedra kon word. Verreweide het nie geld gehad om die ontwikkeling te voltooi nie en het ná arbitrasie 'n nuwe ooreenkoms met KAM gesluit. Met die nuwe ooreenkoms was dit nie meer nodig dat Verreweide aan die oorspronklike voorwaardes voldoen nie. Verreweide kon nou oordrag neem van die grond nog vóórdat die ontwikkeling voltooi is. Die nuwe ooreenkoms is nie deur KAM geadverteer nie. Navrae daaroor is ook nie beantwoord nie, vóórdat die grond op 25 Januarie 2007 teen R426 000 aan Verreweide oorgedra is.

Verreweide het die grond onmiddellik ná oordrag vir R5,5 miljoen te koop aangebied. Robert Haarburger en sy vennote het uiteindelik al die aandele in Verreweide vir R3.98 miljoen gekoop en sodoende die eienaars van erf 599 geword.

5. Wat was die besware teen die verkoop van erf 599?

Meer as dertig organisasies en individue het besware ingedien teen KAM se besluit om erf 599 aan Arniston Bay Consortium te verkoop.

Die besware was onder meer dat die prys nie markverwant is nie en dat KAM bowendien nie die beste prys aanvaar het nie. Daar was ook die argument dat die besluit neerkom op 'n subsidie vir die nuwe onderneming, ten koste van Bob Harman se onderneming, en dat werknemers by Harman se winkel hulle werk sal verloor.

Ook ons het destyds beswaar gemaak. Daar is gesê dat KAM verkeerd was deur nie 'n onafhanklike waardeerder te kry om die grond vóór verkoop te waardeer nie en deur nie seker te maak dat die mense wat die tender kry, geld het om die ontwikkeling te voltooi nie. KAM moes ook óf 'n beter prys aanvaar het óf groter bemagliging vir die vissersgemeenskap verseker het. Daar is ook later gewaarsku dat KAM nie bepaal het of die vennote in Arniston Bay Consortium (Verreweide) voldoende fondse gehad het om die ontwikkeling te voltooi nie. Verder is daar gesê dat die advertensie vir die verkoop van die erf misleidend was: as dit duidelik was dat die Munisipaliteit 'n voorstel sou aanvaar wat grotendeels residensieel is, sou die prys hoër kon wees. Dit is nou duidelik dat die meeste van ons besware en voorstelle geregverdig was. KAM het egter nie daarop reageer nie.

6. Robert Haarburger sê in 'n koerantberig die hofaksie "weerhou Kassiesbaaiers van geleentheid" en komiteelede van die Vereniging se "vendetta" teen hom "skuil agter die hofaksie". Is dit waar?

Dit is nie waar nie. Die besware hierbo is gemaak lank voordat Robert Haarburger betrokke was. Robert Haarburger se optrede het sake verder gekompliseer deurdat hy sonder goedgekeurde bouplanne begin bou het, die vloeroppervlakte van die ontwikkeling ongeveer verdubbel het en besig was om strydig met soneringsvoorwaardes te bou.

Toe erf 599 vir sake gesoneer is, was dit in 'n openbare proses. Beperkings vir toekomstige ontwikkeling is op die grond geplaas. Wanneer sulke beperkings verander word, is daar 'n wetlike proses wat gevolg moet word. In enige land is só 'n proses belangrik: Dit help om 'n dorp se karakter te bewaar, terwyl dit ook sogenaamde "sweetheart deals" beperk. Wanneer 'n ontwikkelaar hierdie reëls eensydig verander, veral met grond wat tevore openbare eiendom was, kan dit 'n dorp se karakter skend en ook die ontwikkelaar geldelik onregverdig bevoordeel. In die geval van erf 599, byvoorbeeld, sou die argument wees dat die beperkings op ontwikkeling ook die moontlike prys van die grond beperk. Deur die ontwikkelde oppervlakte op 'n erf te verdubbel, kan 'n ontwikkelaar potensieel die waarde van die grond verdubbel. Woonstelle en 'n hotel is aanvanklik nie as gebruik vir erf 599 voorsien nie. Deur die voorwaardes te verander sodat die erf vir woonstelle en 'n hotel gebruik kan word eerder as vir kleinhandel, word die waarde van die grond verder verhoog. Voordat Robert Haarburger die aandele in Verreweide aangekoop het, is beraam dat 'n ontwikkeling binne die beperkings op die grond R16 miljoen werd kon wees. Met 'n veel groter ontwikkeling en die veranderinge in die gebruik van die gebou kan 'n mens daardie waarde selfs verdubbel. Dit is faktore wat in ag geneem moet word wanneer die wysheid van die Munisipaliteit se proses met die verkoop van die erf beoordeel word.

WAB is nie teen ontwikkeling in Waenhuiskrans gekant nie. Ons wil ook nie die permanente inwoners se geleentheid om te kan werk beperk nie. As KAM destyds, soos ons voorgestel het, seker gemaak het die mense wat erf 599 kry het die geld om die ontwikkeling te doen, was die ontwikkeling lankal voltooi. En as KAM 'n werklike bemagtigingsvoorstel behoorlik ondersoek het, soos ons voorgestel hulle moet doen, kon elke gesin uit die vissersgemeenskap nou in die grond se toename in waarde gedeel het.

Verreweide se aanvanklike voorstel het nie bemagtiging ingesluit nie. Hulle het wel later belowe hulle sal plaaslike arbeid gebruik om te bou en dat mense uit die plaaslike gemeenskap plek vir hulle ondernemings in die ontwikkeling sal kry. Daar sou ook opleiding vir hulle wees om hulle eie ondernemings te vestig. Robert Haarburger word ten volle ondersteun indien hy by dié beloftes hou. Dit is egter nie regverdig van hom om vir ons kwaad te wees toe 'n komiteelid daarop gewys het dat plaaslike arbeid nie met die bouwerk gebruik word nie, en om ons dan later, wanneer die bouwerk weens sy ander optredes gestaak word, te beskuldig dat ons die plaaslike mense geleentheid ontsê nie. Ons is opreg verbind daartoe om die plaaslike gemeenskap waar moontlik te help en ook om hulle regte te beskerm.

Verreweide se beloftes van werk en ander voordele vir plaaslike mense is nou deel van die openbare dokumente. Dit kan ook van ons verkry word.

7. Wie is die partye in hierdie hofsak?

WAB is die Applikant. (Die Wes-Kaapse Erfenisraad het as 'n Tweede Applikant aangesluit, maar hulle versoek om 'n interdik om die bouwerk op te kort is geweier.) Die

Respondente is Verreweide, KAM en die Aktekantoor ('n nominale Verweerder wat nie aan die hofverrigtinge deelneem nie).

In sake soos dié raak Munisipaliteite wat Verweeders is meestal nie regtig by litigasie betrokke nie, buiten dat hulle aan die hof verduidelik waarom 'n besluit geneem is en dat hulle die nodige dokumentasie voorsien om dit te staaf. Munisipaliteite hou hulle gewoonlik by die hof se besluit, met ander woorde aanvaar wat die hof ook al sou bevind. In hierdie saak het KAM egter 'n aktiewe rol ingeneem deur die aansoek ten die koste van belastingbetalers teen te staan. (In die Kaap Agulhas Tribune van 28 November 2008 word berig dat KAM se regskoste van Maart tot November 2008 sowat R360 000 plus btw. beloop en nog 'n verdere R150 000 of meer kan wees. Daar is nie sekerheid oor hoe die vorige munisipale bestuurder, mnr. Keith Jordaan, 'n mandaat verkry het om 'n regsverteenwoordiger aan te stel het nie. Die nuwe munisipale bestuurder, mnr. Reynold Stevens, het opdrag van die Raad gekry om die aanstelling van regsverteenwoordiging te ondersoek en 'n verslag aan die Raad voor te lê. In 'n afsonderlike verslag het die Raad ook kennis geneem dat 'n leër met stawende dokumentasie oor erf 599 spoorloos uit die munisipale kantore verdwyn het.)

8. Wat gebeur as die hof sou beslis dat die verkoop van erf 599 onwettig was?

As die hof sou beslis dat die verkoop van erf 599 om die een of ander rede ongeldig is, soos byvoorbeeld dat KAM nie soos vereis word 'n deursigtige proses gevolg het toe hulle in 2006 'n nuwe kontrak met Verreweide gesluit het nie, sal KAM die erf weer moet verkoop. Goeie oordeel en wetlike vereistes sou aandui dat daar vóór die verkoop 'n onafhanklike waardasie van die eiendom verkry moet word. Só 'n waardasie sal vanselfsprekend aansienlik hoër wees as R426 000. Dit sal behels dat KAM méér vir die eiendom sal kry. Hierdie ekstra fondse kan dan gebruik word om die lewens van die inwoners, spesifiek die vissersgemeenskap, te verbeter.

9. Sal KAM en/of die gemeenskap geld verloor as die verkoop van erf 599 deur die hof tersyde gestel word?

KAM en die gemeenskap sal nie verloor nie. Hulle sal wen, omdat die grond waarskynlik teen 'n veel hoër prys verkoop sou word.

Indien KAM verkeerd opgetree het, sal die ontwikkelaar nie 'n skadevergoedingseis teen KAM kan instel nie. Wat dan sal gebeur is dat die verkoop bloot tersyde gestel sal word. KAM sal nie as gevolg hiervan skade ly nie.

10. Wat gebeur as WAB die hofsak wen?

As die saak in WAB se guns beslis word, sal WAB se mikpunte en doelstellings gehandhaaf word. Geragtigheid sal geskied; die gemeenskap se belange sal beskerm word; en respek vir die reg sal gehandhaaf word. Indien die WAB suksesvol is, sal die hof na alle waarskynlikheid beveel dat die KAM en Verreweide die regskoste moet betaal wat die WAB tydens hierdie saak aangegaan het. Dit sal beteken dat lede wat fondse vir die litigasie beskikbaar gestel het, 'n pro rata-deel uit die fondse kan terugkry. As alternatief kan dié geld in 'n spesiale fonds gestort word.

11. Wat gebeur as die WAB die hofsak verloor?

Die WAB sal vanselfsprekend teleurgesteld wees, maar die lede van die Vereniging kan dan steeds kop omhoog staan omdat hulle daarna gestreef het om die WAB se mikpunte en doelstellings te handhaaf en om na hulle beste vermoë toe te sien dat die land se wette gehoorsaam word. Hoewel koste gewoonlik op die uitslag van 'n hofsak volg, is die WAB se advies dat dit onwaarskynlik is dat die WAB verplig sal wees om al die Respondente se koste te betaal aangesien Verreweide nie met aanvang van die

regstappe oor goedgekeurde bouplanne beskik nie en die WAB dus geregtig was om die hof te nader. 'n Regter het reeds bevind dat Verreweide in sekere opsigte onregmatig opgetree het.

Robert Haarburger het na dié bevinding 116 nuwe lede vir WARA gewerf en hul ledegeld betaal. Hy het tegelyk geëis dat 'n spesiale vergadering gehou word om 'n nuwe komitee te kies om die litigasie teen Verreweide te stop. Die WAB het die besonderhede van al die aansoeke gekontroleer en kon uiteindelik 86 nuwe lede toelaat. Die komitee verwelkom die nuwe lede, al sal Robert Haarburger en sy vennote van hulle verwag om te stem om die litigasie te beëindig. Die komitee glo dat die WAB almal in die gemeenskap moet verteenwoordig en dat debat belangrik is. Van die nuwe lede werk 46 vir Robert Haarburger. Die meeste van die res is familie van werknemers van Robert Haarburger.

Robert Haarburger het ook weer eens aangedring dat volmagte ("multiple proxies") ingestel word, sonder beperking op die aantal volmagte per lid. Veelvoudige volmagte is tevore gestaak. Hulle is misbruik op 'n wyse wat verantwoordelike debat nie bevorder nie. Mense wat oor 'n saak wil stem, moet verkieslik teenwoordig wees, om die debat te volg en om moontlik na die een of die ander kant oortuig te word. As dit absoluut nie moontlik is om 'n vergadering by te woon nie, kan 'n lid volmag aan 'n ander lid gee. As een enkele lid egter tientalle of selfs honderde volmagte werf, sonder dat mense kans kry om self aan die debat deel te neem en te besluit, bevorder dit nie burgerlike verantwoordelikheid nie; dit maak net van groepe mense 'n speelbal in klein politiek.

Die WAB se uitvoerende komitee het eenparig besluit dat 'n spesiale vergadering nie nodig is nie en dat die voorstelle van Robert Haarburger, op die algemene jaarvergadering bespreek kan word.

12. Wat sal gebeur as Robert Haarburger en sy vennote die WAB oorneem en die saak teen hulle stop?

Die WAB sal dan vir alle koste aanspreeklik wees – ons eie en ook dié van KAM en Verreweide. Dit beteken dat, deur beheer van die WAB oor te neem, Verreweide nie net die litigasie teen hulle stopsit nie, maar effektief ook hulle regskoste die deur lede van die WAB betaal kry. Die lede (insluitend waarskynlik meestal die nuwe lede) kan vir regskoste aanspreeklik gehou word as hulle litigasie sonder meer sou stop. Die voordeel wat die gemeenskap kan verkry deurdat die verkoop aan Verreweide tersyde gestel word, gaan dan verlore. Ook sal 'n gebou opgerig word in stryd met die destydse soneringsvoorwaardes. Die eiesoortigheid en karakter van die dorp sal geskend word.

13. Wat is die regsadvies in hierdie stadium?

Die WAB het reeds die eerste gedeelte van die saak gewen. Ons advies is dat die WAB 'n sterk saak het en dat die litigasie moet voortgaan.

Die rede waarom Robert Haarburger probeer om beheer van die WAB te verkry, om sodoende die litigasie te stop, is omdat hy weet hy het 'n swak saak.

14. Is daar 'n moontlikheid van skikking buite die hof?

Die komitee het by verskeie geleenthede deur hulle regsverteenwoordigers en deur andere aangedui dat hulle bereid sal wees om oor 'n skikking van die saak te onderhandel. Tydens Augustus 2008 het sekere lede van die komitee met mnr. Reynold Stevens, die nuwe munisipale bestuurder, vergader met die oog op 'n onderhandelde skikking. Die komitee se bereidheid om oor 'n skikking te onderhandel is deur korrespondensie bevestig. KAM het ook onderneem om met Robert Haarburger te praat oor 'n onderhandelde skikking. Nóg KAM nóg Robert Haarburger het die komitee genader om skikkingsonderhandelinge te beding. Die aanduiding is nou dat Robert

Haarburger en sy vennote nie wil skik nie. Robert Haarburger glo dat hy, deur die WAB oor te neem en te beheer, die litigasie kan beëindig en met die onregmatige bouwerk kan voortgaan.

Dit is u komitee se oortuiging dat 'n hof toegelaat moet word om oor die saak te besluit as 'n onderhandelde skikking nie bereik kan word nie.

15. Is dit noodsaaklik dat soveel lede as moontlik die algemene jaarvergadering op 30 Desember 2008 bywoon?

Dit is baie belangrik dat soveel as moontlik van die lede die vergadering bywoon. Dit bevorder debat – iets wat veral vanjaar belangrik is, ook ter wille van die proses van konstitusionele demokrasie.

ooOoo